

JUNIOR JEUG ALPHA:

Sessie 7 - Wie is die Heilige Gees en wat doen Hy?

Doel van les:

- Ons gesels in hierdie les oor die Heilige Gees en kry meer duidelikheid oor Hom.

Ysbreker 1: Pass the parcell met ballon wat nie opgeblaas is nie - Gee vir elke groep 'n ballon wat nie opgeblaas is nie. Laat hulle nou so twee rondtes 'pass the parcel' met die ballon speel wat nie opgeblaas is nie. **Vra:** Sal dit beter werk as julle dalk die ballon opblaas? Laat die leiers die ballon opblaas en dan begin hulle weer van voor af speel.

Wat het vir julle beter gewerk met die speletjie, die pap ballon of die een wat opgeblaas is? Ja, ek dink 'n opgeblaasde ballon is beter, want mens kan dit lekker vinnig vat en aanstuur, en 'n ballon is mos gemaak om vol lug te wees sodat mens lekker met dit kan speel.

Ysbreker 2 - Ballon blaas: Kyk watter groep kan hulle ballon die langste in die lug hou deur dit net te blaas.

Vra: Kan julle dalk onthou Wie die Drie Eenheid is? God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Miskien is dit vir ons makliker om in ons gedagtes te dink aan God die Vader, en Jesus, maar dan kom mens by die Heilige Gees en jy verstaan omtrent glad nie Wie Hy is, en wat Hy nou eintlik doen nie. So vanaand gaan ons bietjie gesels oor die Heilige Gees sodat julle meer oor Hom kan weet.

Vra: Wie van julle hou van vlieër/kite vlieg? Ja, dis nogals lekker as mens sien hoe hoog dit kan vlieg. Wat hou dit daarbo? Die wind natuurlik. Wie van julle het al die wind gesien? Niemand het dit al gesien nie. Ons kan nie die wind sien nie, want dis "invisible". Hoe kan ons dan weet die wind is daar?

- Een manier is dat ons dit kan **hoor**.
- Ons kan ook **sien** hoe dit dinge rondwaai. (Amper soos toe julle netnou die ballon in die lug gehou het met julle asem.) Ons sien hoe papiere en blaartjies deur die wind rondgewaai word, veral hier in ons stad waar die wind kwaai kan waai.
- Dan kan ons dit mos ook **voel**. Blaas gou teen julle handjies. Het julle iets gesien? Nee, maar jy kon iets voel. Ons kan nie die wind sien nie, maar ons voel dit deur ons hare waai of teen of gesig.

Net soos die wind, kan ons ook nie die Heilige Gees sien nie, maar ons kan sien, hoor en voel hoe Hy rondom ons werk en in ons hartjies. Voor ons ons hartjies vir Jesus gee, is ons soos daardie ou afgeblaasde ballon. Sommer net 'boring'. Dan besluit ons om ons hartjies vir Jesus te gee, en

die Heilige Gees kom bly in ons hartjies. Dan raak ons soos die opgeblasde ballon, vol nuwe lewe en kan God ons gebruik. Kom ons praat nou bietjie oor die sien, hoor en voel.

Aktiwiteit 1: Kollig: Plak 'n prentjie van 'n kruis in die vertrek. Dit moet groot genoeg wees sodat almal dit duidelik sal sien. Kry almal rustig en laat 'n grootmens die ligte in die vertrek afsit, nadat jy die kinders gewaarsku het. Neem nou 'n flits en skyn met die flits op die kruis. Maak seker almal sien hoe die lig op die kruis skyn.

Sê: Voordat ons ons hartjies vir Jesus gegee het, het die Heilige Gees met ons begin werk. Hy het ons vertel dat ons Jesus nodig het, en dat dit beter is om vir Jesus te leef. Hy wys ons dat Jesus die regte pad is.

Skakel die ligte aan.

Aktiwiteit 2: Krag: Wys die flits vir die kinders. Wat dink julle het die flits nodig om te kan werk? Batterye. Weet julle dat die Heilige Gees vir ons soos die batterye vir die flits is? Hy gee ons krag. Krag om reg te leef, krag om ander van Jesus te vertel. Hy help ons om ons liggies vir Jesus in die wêreld te skyn.

Aktiwiteit 3: Blinde 'follow the leader': Kies een kind uit elke groep. Blinddoek die kinders en laat die leiers die kinders deur die vertrek lei, tussen die ander groepe deur ens. tot hulle terug by hul eie groepe is. Die Heilige Gees help ons elke dag, maar dis belangrik dat ons vir Hom luister. As ons ons eie pad wil stap, sal ons vinnig verkeerde dinge doen en seerkry, so ons moet eerder stap soos Hy wil hê sodat ons veilig kan bly. Ons kan in die Bybel lees hoe om reg te stap, en die Heilige Gees sal ook baiekeer binne-in ons, vir ons laat voel dat dit wat ek nou gaan doen, verkeerd is.

Aktiwiteit 4: Kussing resies: Laat die groepies nou twee groot groepe maak bv. seuns teen meisies. Gee vir elke groepie 'n kussing. Die kinders moet in rye, in pare staan. Elke paar staan rug teen rug, met 'n kussing tussen hulle. Die groepe gaan teen mekaar resies jaag, om 'n hoola hoop aan die oorkant van die vertrek en terug. Hulle gee die kussing vir die volgende paar aan, en die groepe hou aan met die resies totdat almal 'n beurt gehad het.

Vertel vir mekaar hoe julle daarvan hou om te slaap. Op jou rug, of dalk op jou maag.

Is dit nie lekker om in die aand jou kussing te vat, en met jou koppie lekker daarop te lê nie? Dis so 'n lekker gevoel vir my. Dit laat my altyd so veilig en rustig voel.

Ons het verlede week gepraat hoe Jesus opgestaan het uit die graf en hemel toe is. Maar weet julle, Jesus het die Heilige Gees vir ons gestuur, sodat ons kan weet en kan voel dat ons veilig is, en nie alleen is nie. Wanneer ons hartseer, alleen of gestres voel, dan weet ons die Heilige Gees is daar vir ons.

Aktiwiteit 5: Geskenk: Wie kan onthou wat die Gawes van die Gees is? Ons het verlede jaar daarvan geleer.

Die gawes van die Heilige Gees is spesiale geskenke wat net van God af kom, en wat mens nie op jou eie sal kan kry nie. Daar is altesaam 9 van hierdie gawes en hulle is awesome.

(Neem 'n geskenksakkie en plaas dit op die tafel voor jou. In die geskenksakkie sit jy 'n hamer - wat doen gawes voorstel, 'n speelgoed mikrofoon - wat spreekgawes voorstel, en 'n gloeilampie wat die weet gawes voorstel.)

Kom ons onthou net gou weer saam.

Haal die hamer uit - ons kry 3 doen gawes;

Haal die mikrofoon uit - ons kry 3 spreek gawes;

Haal die gloeilampie uit - ons kry 3 weet gawes.

Hierdie gawes is nie daar vir ons om oulik te lyk nie, maar vir God se kerk.

Aktiwiteit 6: Vrugteboom: Gee vir elke groep 'n swartsak, sker, kleeflint/gom, gems en prentjies van vrugte. Kinders moet die prente inkleur. Trek die swartsak vir 'n kind aan en laat hulle die vrugte op die swartsak plak om 'n pragtige vrugteboom te maak.

Wie kan al die Vrugte van die Gees onthou wat ons verlede jaar van geleer het? Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, selfbeheersing, nederigheid en getrouheid.

En hoe kry ons daardie vrugte? Van die Heilige Gees natuurlik! Dis Hy wat dit laat groei in ons, sodat ander kan sien dat ons kinders van Jesus is.

Ek hoop dat julle nou meer weet van die Heilige Gees en hoe awesome Hy is. Al kan ons Hom nie sien nie, is Hy by ons, en ons kan dit glo.

Sluit af met gebed.



